


Ons het die week gesels oor die gedagte dat ons almal saam op 'n journey is - op pad na ons ware bestemming.

Om te reis kan baie avonture inhou. Vir 'n ysbreker gee geleentheid vir die groep om interessante stories te deel van hul eie reiservarings.

Mense wat "in transit" is het gewoonlik 'n mate van begrip dat elkeen ook maar op pad is en self uitigure hoe om by hul bestemming te kom.

- Hoekom dink jy is dit so dat ons as mensdom verantwoordelik om die journey vir mekaar dikwels moeilik en onplesierig te maak.

God het ons geskep om nie die journey alleen aan te pak en deur te maak nie. Ons het mede-reisigers nodig - nie net om ons te beskerm nie, maar ook om betekenis te bring aan ons journey.
Omdat Jesus dit weet is Hy baie duidelik oor Sy opdrag - en is Sy woorde vir ons baie bekend:

**Matteus 22:36-40**
v39
*"En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'"*

**Johannes 13:34-35**

*34Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”*

“Lief hê” is dalk ’n te breë of abstrakte begrip. Dis dalk hoekom is rondom ons kyk en sukkel om hierdie liefde vir alle mense te leef en te sien.
Paulus los egter die probleem vir ons op - hy spel presies hoe hierdie liefde moet lyk duidelik uit in **1 Korintiërs 13**. Vandag wil ons na hierdie eienskappe gee en as groep dit so prakties moontlik in ons eie lewens neersit.

Lees saam deur die gedeelte.

- Neem tyd om stil te staan by elke eienskap wat hy uitlig - wat beteken dit vir jou in jou alledaagse lewe?

Hier is bietjie eksta inligting om deur die gesprek in te werk:

- **geduldig**,
  - [*MAKROTHUMEIN* - Altyd in Nuwe Testament gebruik wanneer praat van geduld MET mense…nie omstandighede = vermoë om stadig kwaad te word]
- **afgunstig**
  - [Dieper as jaloesie - nie net hê wat iemand het nie:
    - afguns: ongelukkig oor wat ander het.
    - nie hê vir jouself - wil nie hê die ander moet dit hê nie.
- **7Dit bedek alles,**
  - Soos Jesus se offer aan kruis - vb van hoe liefde bedek.
- **glo alles,**
  - In verhouding tot God = God opneem op Sy woord.
  - In verhouding tot naaste - glo altyd die beste van ander.
  - Ons maak mense wat glo hulle is.
- **verdra alles.**

- *HUPOMEIN*: verdra om te verander of oorwin. [nie ’n passiewe woord]

Dié liefde van 1 Korintiërs 13 = AGAPE - is iets wat:

- kies
- en na toe groei

Ons het in die diens gesels oor die groter probleem wat dalk begin in onsself.

- Hoe hard is jy op jouself?
- Wat het jy gedink moes teen die tyd al anders gewees het in jou lewe en dit veroorsaak dat jy druk plaas op jouself?

Een manier om na die lewe te kyk is met die motto van:

**BE A STUDENT NOT A CRITIC**

- Wat beteken die stelling vir jou?
- Hoe sal ons ander makliker lief hê as ons met sagter oë na onsself begin kyk?
- Waaraan wil jy eerste begin werk in jou liefde en genade met jouself?

Wat jy nie vandag aanspreek en hanteer nie word die maniere hoe jy die mense die naaste aan jou in die toekoms, die seerste gaan maak.

God se manier om die wêreld te verander is deur geduld en genade.
Dit kom deur eienskappe van die liefde wat ons bespreek het werklik te oefen.

**Liefde is die habitat waarin die mensdom floreer.**

- Hoe kan julle begin om vir mekaar so habitat te skep? [Sê vir die groep wat jy dink jy by die groep nodig het vir jou eie journey]
- Hoe kan ons so habitat skep vir mense wat dalk nog nie op dieselfde journey as ons is nie?

[Gee geleentheid vir laaste gedagtes, vrae of opmerkings]

- Sluit af deur saam te bid vir dit wat julle bespreek en gedeel het